
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# VERBRUIKERSTUDIES NASIENRIGLYN

**PUNTE: 200**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 16 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A

### VRAAG 1: KORTVRAE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C ✓ *Onthou, maklik (Verken, bl. 166; Suksesvol, bl. 184)* | (1) |
| | 1.1.2 | D ✓ *Verstaan, maklik (Verken, bl. 182; Suksesvol, bl. 201)* | (1) |
| | 1.1.3 | C ✓ *Onthou, maklik (Verken, bl. 174; Suksesvol, bl. 193)* | (1) |
| | 1.1.4 | D ✓ *Verstaan, matig (Verken, bl. 179; Suksesvol, bl. 199)* | (1) |
| | 1.1.5 | A ✓ *Verstaan, matig (Verken, bl. 16; Suksesvol, bl. 22)* | (1) |
| | 1.1.6 | D ✓ *Onthou, maklik (Verken, bl. 25, Suksesvol, bl. 26)* | (1) |
| | 1.1.7 | D ✓ *Analiseer, matig (Verken, bl. 13; Suksesvol, bl. 19)* | (1) |
| | 1.1.8 | B ✓ *Verstaan, maklik (Verken, bl. 72; Suksesvol; bl. 80)* | (1) |
| | 1.1.9 | B ✓ *Toepassing, maklik (Verken, bl. 72; Suksesvol, bl. 82)* | (1) |
| | 1.1.10 | A ✓ *Toepassing, maklik (Verken, bl. 93; Suksesvol, bl. 113)* | (1) |
| | 1.1.11 | D ✓ *Onthou, maklik (Verken, bl. 104; Suksesvol, bl. 126)* | (1) |
| | 1.1.12 | C ✓ *Verstaan, matig (Verken, bl. 91; Suksesvol, bl. 109)* | (1) |
| | 1.1.13 | C ✓ *Verstaan, matig (Verken, bl. 103; Suksesvol, bl.123)* | (1) |
| | 1.1.14 | B ✓ *Onthou, maklik (Verken, bl. 105, Suksesvol, bl. 127)* | (1) |
| | 1.1.15 | C ✓ *Verstaan, moeilik (Verken, bl. 106; Suksesvol, bl. 128)* | (1) |
| | 1.1.16 | D ✓ *Onthou, maklik (Verken, bl. 49, Suksesvol, bl. 51)* | (1) |
| | 1.1.17 | C ✓ *Toepassing, matig* | (1) |
| | 1.1.18 | B ✓ *Verstaan, matig (Verken, bl. 164; Suksesvol, bl. 182)* | (1) |
| | 1.1.19 | A ✓ *Toepassing, matig (Verken, bl. 130; Suksesvol, bl. 148)* | (1) |
| | 1.1.20 | A ✓ *Analiseer, matig (Verken, bl. 126, Suksesvol, bl. 144)* | (1) |

1.2 B ✓ (1)
D ✓ (1)
E ✓ (1)
G ✓ (Enige volgorde) (1)
*Verstaan, maklik (Verken, bl. 75; Suksesvol, bl. 89)*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.3 | 1.3.1 | Bloedglukosevlakke ✓*Onthou, matig (Verken, bl. 71; Suksesvol,bl. 78)* | (1) |
| | 1.3.2 | Glisemiese Indeks ✓ *Onthou, matig (Verken, bl. 71; Suksesvol, bl. 77)* | (1) |
| | 1.3.3 | Teikenmark/ groep ✓ *Onthou, matig (Verken, bl. 34; Suksesvol, bl. 33)* | (1) |
| | 1.3.4. | Winsopslag ✓ *Onthou, matig (Verken, bl. 37, Suksesvol, bl. 38)* | (1) |
| | 1.3.5. | Gestandaardiseerde resep ✓ *Onthou, matig (Verken, bl.16, Suksesvol, bl.21)* | (1) |
| | 1.3.6. | *Kontantvloei-vooruitskatting ✓/ kontantvloeiprojeksie* *Onthou, matig (Verken, bl. 40, Suksesvol, bl. 42)* | (1) |

1.4 B ✓ (1)
D ✓ (1)
F ✓ (1)
G ✓ (Enige volgorde) (1)
*Verstaan, matig (Verken, bl. 103-105; Suksesvol, bl. 123-127)*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5 | 1.5.1. | H ✓ | (1) |
| | 1.5.2. | I ✓ | (1) |
| | 1.5.3. | G ✓ | (1) |
| | 1.5.4. | B ✓ | (1) |
| | 1.5.5. | D ✓ | (1) |
| | 1.5.6. | F ✓ *Toepassing, matig (Verken, bl. 155 -160; Suksesvol, 169 –176)* | (1) |

**TOTAAL AFDELING A: 40**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 **Wat indirekte belasting is en gee TWEE voorbeelde daarvan.**

- Indirekte belasting is verskuil ✓ in die pryse van goedere en dienste, ✓ so ons is nie altyd bewus van die hoeveelheid belasting wat ons betaal nie. ✓
- Voorbeelde is BTW,✓ Aksynsbelasting (Sondebelasting), Invoerbelasting,✓ Lisensies, ✓ Brandstofheffing ✓ (Enige 4 x 1) (4)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 165; Suksesvol, bl. 182)*

2.2 **Funksie van SAID (SARS)**

- Tree as 'n belastinginvorderingsagentskap op namens die regering. ✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl.163; Suksesvol, bl. 180)*

2.3 **Verskil tussen *VPI* en *inflasie***

- VPI meet die veranderinge in die koste van goedere en dienste ✓ oor 'n spesifieke tydperk. ✓ Dit is die maatstaf wat jou help om die styging in pryse te bepaal. ✓

*Toepassing, matig (Verken, bl. 167)*

- VPI wys 'n verandering in die prys van produkte en dienste. ✓ Dit word gebruik om veranderinge in die ekonomie te meet ✓ asook verandering in lewenstandaard. ✓

*Toepassing, matig (Suksesvol, bl. 185)*

- Inflasie is die persentasie waarteen die prys ✓ van goedere en dienste vermeerder. ✓

*Toepassing, matig (Suksesvol, bl. 185)*

- Inflasie is die styging in die prys van goedere en dienste, ✓ oor 'n spesifieke tydperk gemeet. ✓ (Enige 4 x 1) (4)

*Toepassing, matig (Verken, bl. 167)*

2.4 **Advertensie**

2.4.1 **Voordele vir die installering van die Eskom hittepomp**

- Dit kan die koste van jou elektrisiteitsrekening met tot 67% verlaag. ✓
- Jy sal korting/afslag toegestaan word deur Eskom wanneer die hittepomp geïnstalleer word. ✓
- Jy sal toegang tot kits warm water het enige tyd van die dag. ✓
- Die vermindering van die gebruik van elektrisiteit het 'n positiewe uitwerking op die omgewing. (Enige 3 x 1) (3)

*Onthou, maklik*

2.4.2 **Verduidelik, met rede, hoe die stygende koste van elektrisiteit die Suid-Afrikaanse ekonomie negatief kan beïnvloed.**

- Stygende koste van elektrisiteit veroorsaak dat ander goedere en dienste aangebied, duurder raak. ✓
- Die verbruiker ontvang nie verhogings wat die koste van verhoogde pryse dek nie. ✓
- Verbruikers se koopkrag is verminder. ✓
- Dit veroorsaak dat minder produkte vervaardig word en dit lei tot werksverliese. ✓

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Dit lei tot hoër werkloosheid en daar sal 'n gebrek aan werksgeleenthede wees. ✓
- Dit kan aanleiding tot 'n resessie in die land gee. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

*Toepassing, moeilik*

2.4.3 **Verduidelik die voordele om 'n gasstoof te het.**

- Jy sal elektrisiteit bespaar en 'n ligter lading op die land se oorbelaaide sisteem plaas. ✓
- Jy sal nie so afhanklik van elektrisiteit wees nie. ✓
- Verlaag jou vraag na elektrisiteit en verminder die negatiewe omgewings-impak verbonde aan die opwekking van elektrisiteit. ✓
- Jy kan jou koolstofvoetspoor met tot 50% laat krimp deur vir kook van elektrisiteit na gas oor te skakel / Dit is meer omgewingsvriendelik. ✓
- Dit is 'n relatiewe skoon fossielbrandstof in vergelyking met steenkool en olie. ✓
- Dit is gerieflik om te gebruik en maklik om te berg en te vervoer. ✓
- Dit kan in afgeleë plekke gebruik word waar daar nie elektrisiteit beskikbaar is nie. ✓
- Indien dit reg gebruik word, is VPG heeltemal veilig, soos elektrisiteit. ✓
- Gas is goedkoper as elektrisiteit / Met 'n gasstoof betaal jy net vir dit wat jy gebruik, terwyl met elektrisiteit betaal jy ook vir die tyd wat dit neem vir die stoofplaat om warm te raak. ✓
- Gastoestelle het byna geen onderhoud nodig nie. ✓
- Word nie deur beurtkrag en kragonderbrekings geraak nie. ✓
- Gasstowe produseer onmiddellike hitte wat baie akkuraat beheer kan word/kook gouer. ✓
- Gas is geskik vir binnenshuise gebruik omdat dit skoon is en sonder rook brand. ✓
- Gasstowe is goedkoper as elektriese stowe. ✓

(Enige 4 x 1) (4)

*Verstaan, matig (Verken, bl. 176; Suksesvol, bl. 195)*

2.5 **Scenario**

2.5.1 **Tipe spaarklub in ons gemeenskap genoem.**

- Stokvel ✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 161; Suksesvol, bl. 177 en 178)*

2.5.2 **Identifiseer waarom hierdie klubs as wettig beskou word.**

- Geld word in 'n gemeenskaplike fonds inbetaal. ✓
- Kontant/kruideniersware word op 'n rotasiebasis ontvang. ✓
- Alle lede trek voordeel. ✓ (3)

*Verstaan, matig (Verken, bl. 161 en 162; Suksesvol, bl. 177 en 178)*

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5.3 **Bespreek hoe klublede baat vind by nie-bederfbare kruideniersware wat in grootmaat aangekoop word.**

- Grootmaat/groothandelpryse is goedkoper/meer kan gekoop word. ✓
- Gesinne mag oor ʼn langer tydperk nie-bederfbare kruideniersware/ voedsel hê om hulle te voed/Meer voedselsekerheid vir hierdie gesinne/uitgebreide families. ✓
- Om kruideniersware in grootmaat te koop mag die impak van voedsel-inflasie oor ʼn tydperk verminder. ✓
- Vervoer/taxi/buskostes word verminder as in grootmaat gekoop word. ✓
- Meer beskikbare inkomste is beskikbaar vir ander behoeftes. ✓ (5)

*Toepassing, moeilik (Verken, bl. 168; Suksesvol, bl. 161)*

2.6 **Verduidelik wat ʼn *uitsluitingsklousule* is.**

- ʼn Uitsluitingsklousule is ʼn klousule wat in ʼn kontrak ingesluit word wat ʼn party vryskeld van enige aanspreeklikheid ✓ sou hy of sy nie die ooreenkoms nakom nie ✓ of indien die ooreengekome produk nie die doel dien waarvoor dit gekoop is nie. ✓
- ʼn Vrystellingsklousule in ʼn kontrak spreek ʼn party vry van enige aanspreeklikheid ✓ indien hy of sy versuim om die ooreenkoms te eerbiedig ✓ of wanneer die produk of diens waaroor ooreengekom, nie voldoen aan die doel waarvoor dit gekoop is nie. ✓ (3)

*Verstaan, matig (Verken, bl. 156; Suksesvol, bl. 173)*

2.7 **E-pos**

2.7.1 **Analiseer die e-pos en verduidelik met ʼn rede, hoe ʼn verbruiker moet reageer.**

- Dit is hoogs waarskynlik dat die ʼn vals e-pos /uitvissing/ bedrogspul/ identiteitsdiefstal is. ✓
- Dit is hoogs onwaarskynlik dat enige finansiële instelling ʼn rentekoers so laag soos 5% sal aanbied ✓ aangesien dit veel laer as die repokoers is en die instelling dan geen geld sal maak nie. ✓
- Hierdie ooreenkoms lyk te goed om waar te wees, so dit is moontlik te goed om waar te wees/onwaar. ✓
- ʼn Verbruiker moenie enige persoonlike besonderhede aan Cash King gee / e-pos nie. ✓
- Om die woorde eenkeer-in-ʼn-leeftyd aanbod te gebruik, word die verbruiker aangemoedig om die aanbod so vinnig as moontlik te aanvaar/wil nie dat die verbruiker uit mis op die offer nie.✓
- Die beste sal wees om die e-pos uit te vee. ✓ (Enige 5 x 1) (5)

*Analiseer, matig (Verken, bl. 159; Suksesvol, bl. 177)*

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.8 **Verantwoordelikhede van gemeenskappe rakende die gebruik van munisipale dienste.**

- Betaal munisipale tariewe en dienste stiptelik. ✓
- Raak betrokke by die munisipaliteit wanneer openbare kommentaar/ insette gevra word. ✓
- Volg die korrekte prosedure wanneer hulle hul regte uitoefen. ✓
- Stem in verkiesings om die verandering wat jy wil hê, te sien. ✓
- Werk saam en neem deel aan gemeenskapsaktiwiteite. ✓
- Respekteer die munisipale regte van ander lede van die gemeenskap. ✓
- Die gemeenskap het 'n verantwoordelikheid om munisipaliteite aanspreeklik te hou vir hul grondwetlike verpligtinge. ✓
- Kla oor swak dienslewering, maar gee ook komplimente waar dit toekom deur die korrekte kanale te volg. ✓
- Gehoorsaam wette en regulasies. ✓
- Moenie dienste misbruik of steel nie. ✓
- Waardeer en hanteer dienste met sorg en respek. ✓ (Enige 4 x 1) (4)

*Evaluering, matig (Verken, bl. 185; Suksesvol, bl. 205)*

**[40]**

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

3.1 **Misleidende en vals bewerings op produk:**

100% of oorspronklike lemoensap ✓ want volgens die bestanddele lys bevat die produk water. ✓ (2)

*Verstaan, matig (Verken, 101 en 102; Suksesvol, bl. 121)*

3.2 **TWEE bestanddele wat allergiese reaksies veroorsaak.**
**Tabuleer jou antwoord as volg:**

| 3.2.1 | TWEE BESTANDDELE | 3.2.2 | DOELWIT |
|---|---|---|---|
| | Tartrasien ✓ | | Dien as 'n kleurmiddel. ✓ |
| | Kalium nitraat ✓ | | Tree as preserveermiddel op. ✓ |

*Verstaan, matig (Verken, bl. 95 en 96; Suksesvol, bl. 113)* (4)

3.3 **Gee DRIE redes waarom anti-oksidante as voedsel additiewe gebruik word.**

- Anti-oksidante preserveer die gehalte van voedsel ✓ en kan die raklewe van voedsel verleng. ✓
- Dit voorkom galsterigheid ✓ en die ontwikkeling van onaangename reuke ✓ in margarien /kookolie/koekies/aartappelskyfies/sopmengsels.
- Preserveer die kleur van vars gesnyde vrugte en groente/vertraag ensimatiese verbruining/verkleuring in vrugte en groente/vrugtesappe/koeldranke/ingelegde groente/bevrore vrugte. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

*Skep, matig (Verken, bl. 94; Suksesvol bl. 114)*


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.4 **Noem DRIE voordele wat organiese voedsel vir die natuurlike omgewing kan inhou.**

- Chemikalieë/kunsmis/plaagdoders/onkruiddoders wat die natuurlike omgewing skade kan aandoen, word nie gebruik nie. ✓
- Water bly skoner/waterbesoedeling word verminder. ✓
- Organiese boerdery verbeter grondgehalte. ✓
- Wisselbou voorkom die opbou van plae en siektes. ✓
- Organiese boerdery praktyke voorsien gunstige omstandighede vir lewende hawe. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

*Toepassing, maklik (Verken, bl.104; Suksesvol, bl. 125 en126)*

3.5 **Lys DRIE tipes inligting wat op 'n voedsel-etiket moet verskyn:**

- Naam van die produk ✓
- Naam van die vervaardiger ✓
- Handelsnaam/merk/logo/embleem ✓
- Adres / besonderhede van die vervaardiger ✓
- Land van oorsprong ✓
- Bestanddele ✓
- Bergingsinstruksies ✓
- Voedingkundige inligting ✓
- Gewig/massa/volume/hoeveelheid/grootte ✓
- Prys/strepieskode ✓
- Allergene ✓
- Datumstempel/ verkoop-teen datum/ beste-voor datum✓ (Enige 3 x 1) (3)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 97 en 98; Suksesvol bl. 117 en 118)*

3.6 **Bestudeer die prent:**

3.6.1 **Identifiseer die voedsel-verwante gesondheidstoestand.**

- Osteoporose ✓ (1)

*Verstaan, matig (Verken, bl. 75; Suksesvol bl. 89)*

3.6.2 **Definieer die voedsel-verwante gesondheidstoestand.**

- Osteoporose is die gevolg van 'n dieet wat laag in kalsium is, ✓ kalsium word teen 'n vinniger tempo uit die bene onttrek as wat dit vervang word. ✓ Die beendere raak kleiner, dunner en so bros dat dit maklik breek. ✓
- Osteoporose beteken poreuse bene. ✓ Dit ontwikkel wanneer kalsium en minerale vinniger uit die been verlore gaan as wat dit aangevul word. ✓ Die bene word dunner, minder dig, bros swak en breek maklik. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

*Onthou, maklik (Verken bl. 75; Suksesvol, bl. 89)*



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.6.3 **Ondersoek VIER redes waarom vrouens met ŉ klein liggaamsmassa en ouer as 50 meer geneig is om die voedselverwante gesondheids-toestand in VRAAG 3.6.1 te ontwikkel.**

- Lae estrogeenvlakke (die vroulike hormoon estrogeen beskerm die liggaam teen beenverlies) ✓
- Haar liggaamsvorm verhoog haar kans vir osteoporose (kort, klein geboude mense met ŉ klein liggaamsmassa het minder been om te verloor as iemand wat langer/groter is) ✓
- Sy is vroulik/vrouens toon ŉ groter risiko vir die ontwikkeling van osteoporose ✓ aangesien vrouens se beendigtheid laer is. ✓
- Op vyftigjarige ouderdom is sy waarskynlik post-menopousaal ✓ en is daar ŉ afname in haar estrogeenvlakke/estrogeen voorkom gewoonlik beenverlies ✓ en ŉ tekort aan kalsium, fosfor en vitamien D waarsonder jy nie nuwe been kan vorm/bou nie. ✓

**LET WEL:** 1 punt vir feit en 1 punt vir verduideliking

(Enige 4 x 1) (4)

*Toepassing, moeilik (Verken bl. 75 en 76, Suksesvol bl. 89)*

3.7 **Verduidelik die betekenis van voedseloordraagbare siektes:**

- Voedseloordraagbare siektes is infeksies wat oorgedra word deur die eet van gekontamineerde kos, ✓ of deur kontak met water, diere en ander omgewingsbronne. ✓
- Voedseloordraagbare siektes word deur stowwe/agente wat die liggaam deur die inneem van voedsel, binnedring, veroorsaak ✓

(Enige 2 x 1) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 86; Suksesvol, bl. 103)*

3.8 **Lys DRIE riglyne om die oordrag van voedseloordraagbare siektes te voorkom.**

- Persoonlike higiëne – handhaaf te alle tye goeie persoonlike higiëne ✓
- Higiëniese voorbereiding en berging van voedsel – hou voedselvoorbereidingsareas skoon ✓
- Vernietig bakterieë deur behoorlike gaarmaak. ✓
- Temperatuur beheer – warm kos moet teen ŉ temperatuur van bo 60 °C gehou word en koue kos teen 5 ºC. ✓
- Voorkom kontaminasie van voedsel. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 87 en 88)*

3.9 **Lees die uittreksel:**

3.9.1 **Gee ŉ ander naam vir Hepatitis A**

- Aansteeklike/oneffektiewe geelsug (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 89, Suksesvol, bl.103)*

3.9.2 **Verwantskap tussen 5 Februarie en 27 Februarie**

- Hierdie tydperk is die inkubasie periode van drie tot vyf weke (12 tot 50 dae) ✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 89; Suksesvol, bl. 103)*


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.9.3 **Voorspel DRIE oorsake wat Lynn se siekte veroorsaak.**

- Die kok/kokke by die restaurant waar hulle geëet het was moontlik besmet met Hepatitis A en het nie sy hande gewas nadat hy die kleedkamer besoek het nie. ✓
- Die virus is dus oorgedra na die voedsel (hoender pita). ✓ Tweedens kon die voedsel self-gekontamineerd wees; ✓ of die water waarin die kos gaargemaak is kan gekontamineerd wees. ✓ (3)

*Toepassing, matig (Verken, bl. 89; Suksesvol, bl. 103)*

3.10 **Inligting op die etiket:**

3.10.1 **Evalueer die geskiktheid van die beskuit vir ’n persoon met diabetes.**

- Die produk het ’n hoë koolhidraatinhoud ✓ wat nie goed is vir diabete nie omdat dit die bloedglukosevlak laat styg. ✓
- Die produk is hoog in vet/versadigde vet/botter/karringmelk/eier ✓ wat nadelig/nie goed vir diabete is nie ✓ omdat diabete meer vatbaar is vir hartsiektes. ✓
- Die matige natriuminhoud kan tot hipertensie lei. ✓
- Die produk sal waarskynlik ’n lae/matige GI hê omdat dit ’n lae suikerinhoud en ’n hoë veselinhoud bevat. ✓ Hawer en vesel het ’n lae GI. ✓
- Dit beteken dat glukose stadig in die bloedstroom vrygestel word ✓ wat goed is vir diabete omdat dit groot wisseling in bloedglukose-vlakke voorkom. ✓
- Die produk bevat xilitol/’n kunsmatige versoeter en dit is geskik vir ’n diabeet. ✓
- Die veselinhoud is redelik hoog en daarom sal dit voordelig vir ’n persoon met tipe 2 diabetes wees. ✓
- Hawer bevat oplosbare vesel ✓ wat cholesterolvlakke verlaag wat goed is omdat diabete meer geneig is om koronêre hartvatsiektes te ontwikkel. ✓
- Koringsemels bevat onoplosbare vesel ✓ wat cholesterolvlakke verlaag. ✓
- Hierdie produk het ’n matige proteïeninhoud ✓ in eiers/karringmelk wat onnodige stres op die niere sal voorkom ✓en dit bou weefsels. ✓

**Gevolgtrekking:** Die produk is geskik. ✓ Matige hoeveelhede van die produk behoort geëet te word. ✓

**LET WEL:** Leerders moet positiewe en negatiewe punte noem en dan ’n gevolgtrekking maak.
Een punt vir geskiktheid. (Enige 8 x 1) (8)

*Analiseer, moeilik (Verken, bl. 72 en 73; Suksesvol, bl. 80–82)*

**[40]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: KLEDING

4.1 **Verduidelik die term *vervalste goedere*.**

- ʼn Onwettige kopie/replika/nabootsing van die oorspronklike produk. ✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 64; Suksesvol, bl. 72)*

4.2 **Logo**

4.2.1 **Identifiseer die logo.**

- Fair trade ✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 61; Suksesvol, bl. 69)*

4.2.2 **Noem die kwalifiserende kriteria waaraan voldoen moet word vir vervaardigers om die embleem op produk te plaas.**

- Betaal billike lone ✓
- Voorsiening van goeie werksomstandighede/billike werksure ✓
- Maak nie gebruik van kinderarbeid nie ✓
- Voldoen aan veiligheids- en ook arbeidswette. ✓
- Ondersteun omgewingsvolhoubaarheid ✓ (Enige 4 x 1) (4)

*(Onthou, matig (Verken, bl. 61; Suksesvol, bl. 69)*

4.3 **Interpreteer die term *kleredragkode*.**

- ʼn Aantrekkode is ʼn stel reëls ✓ oor die soort klere wat die maatskappy verwag die werknemers sal werk toe dra ✓

**OF**

- ʼn Dokument wat die maatskappy opgestel het ✓ om die tipe kleredrag wat vir hulle werknemers aanvaarbaar is te spesifiseer ✓ (2)

*Toepassing, maklik (Verken, bl. 54; Suksesvol, bl. 57)*

4.4 4.4.1 **Evalueer of haar gekose uitrustings voldoen aan die maatskappy se kleredragkode en die vereistes van haar kontrak.**

- Maandag: voldoen aan die maatskappy se kleredragkode ✓
- Dinsdag: hierdie uitrusting is te informeel, dalk moet sy ʼn baadjie aantrek by die rok/haar skouers bedek om ʼn meer professionele voorkoms te skep. ✓
- Woensdag: die bo-stuk is te informeel, die broek is geskik, verruil die hemp vir iets wat meer formeel is ✓
- Donderdag: uitrusting is geskik / formeel genoeg ✓
- Vrydag: Sy is nie volgens die kleredragkode geklee nie. Sy moet ʼn potloodromp, wit hemp en ʼn formele baadjie aantrek. ✓ Omdat sy met die publiek werk is dit belangrik dat sy liefs moet hou by die kleredragkode. ✓ (Enige 4 x 1) (4)


*Evalueer, matig (Verken, bl. 56; Suksesvol bl. 59)*


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.5 **Illustreer en verduidelik VYF fases/stadiums in die mode-siklus aan die hand van 'n grafiek.**




1. Bekendstellingsfase – eerste fase mode word bekendgestel – mense aanvaar of verwerp die mode. ✓
2. Toename/opgang – tweede fase – gewildheid van die mode neem toe en meer mense dra dit. ✓
3. Hoogtepunt/Piek – derde fase – bereik die mode 'n toppunt van gewildheid en baie mense dra dit. ✓
4. Afname – vierde stadium – tree verveling in, minder en minder mense dra dit totdat niemand dit weer dra nie. ✓
5. Veroudering – vyfde fase – die mode verdwyn. is nou uit die mode uit, items word afgemerk en baie min mense dra dit. ✓

Een punt vir die grafiek en vyf punte vir die verduideliking van die vyf stadiums. (6)
*Toepassing, moeilik (Verken, bl. 49 en 50; Suksesvol, bl. 50)*

4.6 **Verduidelik waarom mode-siklusse oorvleuel.**

- Modesiklusse oorvleuel omdat verbruikers verveeld raak met ou neigings/ minder verbruikers dra die ou modeneigings namate hul belangstelling daarin verloor. ✓
- 'n Nuwe modeneiging word bekendgestel/begin/ foto's word geneem van bekende en beroemde mense wat hierdie nuwe mode dra. ✓
- Minder verbruikers dra die ou neigings totdat niemand dit meer dra nie. ✓
- Namate die ou neiging afneem, verhoog die belangstelling in die nuwe neiging. ✓
- Klerewinkels adverteer die nuwe neigings in tydskrifte en ook deur die gebruik van uitstallings in winkelvensters. ✓
- Teen die tyd 'n nuwe mode gevestig is en sterk oppad na sy hoogtepunt. ✓ (Enige 2 x 1) (2)

*Verstaan, matig (Verken, bl. 50; Suksesvol, bl. 50)*

**[20]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5: BEHUISING

5.1 **Verduidelik TWEE tipes versekering betaalbaar deur huiseienaars, maar nie deur huurders nie.**

- Verbandbeskermingsversekering: ✓ Lewensversekering om die verband te delg as die koper dalk onverwags iets sou oorkom. /Hierdie versekering betaal/ dek die terugbetalings as die verbandhouer nie in staat is om die verbandpaaiemente te betaal nie weens sterfte, aflegging of ongeskiktheid. ✓
- Omvattende huiseienaarsversekering: ✓ Dek enige verliese indien die huisstruktuur skade sou ly weens 'n natuurramp/storm/vloed/ongeluk/'n gebarste warmwatersilinder/politieke onrus/ vuur. ✓ (4)

*Onthou, matig (Verken, bl. 127 en 128; Suksesvol, bl. 145)*

5.2 **Lees die uittreksel:**

5.2.1 **Identifiseer die tipe eienaarskap vir die volgende eiendomme.**

(a) **"Groot vrystaande huis" (laaste paragraaf)**

Voltitel eienaarskap/Vryepag ✓

*Verstaan, maklik (Verken, bl. 121; Suksesvol, bl.139)*

(b) **"Hoë digtheidsbehuisingskomplekse" (tweede paragraaf)**

Deeltiteleienaarskap ✓

(2 x 1) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, bl. 122; Suksesvol, bl. 140)*

5.2.2 **Noem TWEE voordele van die tipe eienaarskap genoem in 5.2.1 (b) soos in die uittreksel gesien.**

- Gemeenskaplike onkostes word gedeel ✓ bespaar op die lopende koste van die eiendom ✓ en gevolglik die onderhoudskoste van die eiendom verminder ✓ (Enige 2 x 1) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, bl. 122; Suksesvol, bl. 140)*

5.2.3 **Bespreek die geldigheid van die volgende stelling:**
**Belê in behuisingsontwikkeling wat winsgewende belonings oor die langtermyn bied.**

- Meeste behuisingsontwikkelinge gebeur naby die stad waar dit maklik sal wees om huurders/studente te vind wat sal belangstel om die wooneenheid te huur. ✓
- Die waarde van die wooneenheid sal toeneem oor tyd, ✓ wat 'n groot impak op die koste/prys van die wooneenheid het. ✓
- Splinternuwe behuisingseenhede het min/geen onderhoud ✓ nodig aan die begin nie, dit lei tot besparings en verseker 'n groter wins wanneer die eiendom verkoop word.✓
- As die verband afbetaal is, kan die eienaar 'n goeie vaste inkomste verdien deur die verhuring van die wooneenheid.✓
- Die eienaar kan die eenheid teen 'n wins verkoop.✓
- Die eenheid kan deel vorm van die eienaar se boedel na sy/haar afsterwe, ✓ sy begunstigdes kan voordeel trek uit die belegging ✓ /kan die eiendom erf. ✓ (Enige 4 x 1) (4)

*Toepassing, moeilik (Verken, bl. 122; Suksesvol, bl. 140)*



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.3 **Bestudeer die advertensie oor wasmasjiene:**

5.3.1 **Noem die tipe krediettransaksie in die advertensie.**

- Afbetaalkooptransaksie/ Huurkoop ✓ (1)

*Verstaan, maklik (Verken, bl. 148; Suksesvol, bl. 162)*

5.3.2 **Gee 'n rede vir die verskil in die koste tussen kontant betaal en die wasmasjien op krediet koop.**

- Krediet is baie duurder as gevolg van die volgende ekstra kostes wat betaal moet word:
- Administrasie fooie ✓
- Versekeringskostes ✓
- Rente ✓ (Enige 1 x 1) (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl.148; Suksesvol, bl. 162)*

5.3.3 **Die verbruiker verstaan nie al die terme en voorwaardes in die kontrak nie. Gee die reg van die verbruiker en die verantwoordelikheid van die verkoper.**

- Die verbruiker het die reg om inligting in 'n duidelike/verstaanbare taal te ontvang. ✓
- Die verkoper moet eenvoudige en verstaanbare taal gebruik en om dit wat die verbruiker nie verstaan nie, te verduidelik. ✓ (2)

*Verstaan, matig (Verken, bl. 150; Suksesvol, bl. 164)*

5.3.4. **Waarom wasmasjien A 'n beter keuse vir 'n professionele dame met beperkte ruimte tot haar beskikking.**

- Wasmasjien A het 'n 8 kg kapasiteit wat voldoende is vir 'n enkellopende dame. ✓
- Die voorlaaier neem minder ruimte in beslag ✓ omdat dit onder 'n werksoppervlak geplaas kan word / die tuimeldroër kan bo-op die voorlaaier geplaas word. ✓
- Die wasmasjien het 'n A++ gradering ✓ wat beteken dat dit energie doeltreffend is en minder elektrisiteit / elektrisiteit verantwoordelik, gebruik. ✓
- Dit is goedkoper ✓ wat 'n jong professionele dame sal pas omdat sy waarskynlik nie baie geld tot haar beskikking het nie. ✓

(Enige 4 x 1) (4)

*Evaluering, moeilik (Verken, bl. 143; Suksesvol, bl. 158)*

**[20]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 **Noem VIER maniere waarop ’n entrepreneur volhoubare produksie van sy/haar produkte kan verseker deur die gebruik van grondstowwe.**

- Dink aan moontlike maniere waarop oorskiet– en/of afvalmateriaal weer gebruik kan word. ✓
- Herwin afval/Verminder afval en besoedeling. ✓
- Gebruik herwinbare verpakking. ✓
- Koop produkte wat vervaardig is uit herwonne materiaal. ✓
- Verminder die gebruik van natuurlike hulpbronne, giftige materiale en chemikalieë.
- Beperk afval en kweekhuisgasse tot ’n minimum. (Enige 4 x 1) (4)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 26; Suksesvol, bl. 26)*

6.2 **Noem DRIE redes waarom ’n besigheid voorraadbeheer moet toepas.**

- Om te verseker dat daar genoeg grondstowwe beskikbaar is ✓ sodat produksie nie onderbreek word ✓ as gevolg van ’n tekort aan die nodige grondstowwe om die produk te produseer vir ’n gegewe tydperk nie. ✓
- Verhoed oorbevoorrading van grondstowwe/verminder die bergingskoste van die finale produk. ✓
- Die regte gehalte grondstowwe wat vir die produk aangekoop word ✓ en vermorsing dus verminder word. ✓
- Om te verhoed dat voorraad die verkoop-teen-datum oorskry ✓ en bederf intree/swak kwaliteit produkte vir die verkoper aangebied word ✓ wat ’n inkomsteverlies vir die produsent sal veroorsaak. ✓
- Om kontantvloeiprobleme te verhoed as gevolg van geld bestee in ongebruikte/oortollige voorraad ✓ dat kontant op raak vir ander dringende behoeftes/om geld wat in voorraad belê is, te beperk. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

*Onthou, matig (Verken, bl. 19; Suksesvol, bl. 23)*

6.3 **Lees die gevallestudie.**

6.3.1 **Noem DRIE menslike hulpbronne tot Maya se beskikking.**

- Passie/belangstelling in mode. ✓
- Naaldwerkvaardighede. ✓
- Mode- en naaldwerkkennis ✓
- Kreatiwiteit. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, bl. 10 en Suksesvol, bl.)*


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.3.2 **Verduidelik waarom dit belangrik vir Maya is om ŉ finansiële uitvoerbaarheidstudie uit te voer.**

- Dit sal die sterkpunte ✓ en swakpunte ✓ van die besigheidsidee identifiseer.
- Dit sal Maya help besluit of sy met die besigheidsidee moet voortgaan of nie/sal ŉ duidelike beeld gee of die bepaalde onderneming suksesvol sal kan wees. ✓
- As die inkomste genoeg sal wees om die kostes te dek ✓ en ŉ redelike wins te maak ✓ sal die besigheid finansieel lewensvatbaar wees.
- Berekening van die aanvangskostes / aanvangsbehoeftes van die besigheid. ✓ (Enige 4 x 1) (4)

*Evalueer, matig (Verken, bl. 35; Suksesvol, bl. 35)*

6.3.3 **Noem DRIE maniere waarop Maya haar onderneming in die gemeenskap kan adverteer.**

- Elektroniese media/radio/selfoon/internet. ✓
- Sosiale media/Facebook/Instagram/Twitter/ WhatsApp/TikTok. ✓
- Gedrukte media/ plaaslike koerant/strooibiljette/brosjures/posters/ pamflette/advertensieborde. ✓
- Mode parades/uitstallings in die gemeenskap. ✓
- Kliënte wat haar uitrustings dra/ander vertel van die uitrustings. ✓

(Enige 3 x 1) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, bl. 31; Suksesvol, bl. 29 en 30)*

6.3.4 **Verduidelik hoe die opleiding van ongeskoolde werkers die volhoubare winsgewendheid van Maya se besigheid sal verbeter.**

- Opleiding van ongeskoolde werkers sal die gehalte van die artikels wat geproduseer word, verbeter ✓ en die teikenmark sal gehalte produkte aankoop ✓ wat bydra tot volhoubare winsgewendheid. ✓
- Dit verhoog produktiwiteit ✓ en as werkers opgelei word sal hul, hul werk geniet en gehalte produkte vervaardig. ✓
- As gehalte produkte geproduseer word ✓ sal daar minder vermorsing van grondstowwe wees. ✓
- Opleiding sal die werkers se selfvertroue ✓ en moraal ✓ verbeter.
- Die kwaliteit van werk sal verbeter ✓ wat sal verseker dat kliënte die artikels sal aankoop/wins gemaak sal word. ✓
- Opleiding van werkers sal Maya help om instandhouding en herstelkoste te verminder. ✓ (Enige 6 x 1) (6)

*Ontleding, matig (Verken, bl. 25; Suksesvol, bl. 26)*


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.3.5 **Skryf ’n paragraaf waarin jy verduidelik hoe Maya goeie kliënte-verhoudinge bewerkstellig.**

- Maya gee spesiale aandag aan elke kliënt. ✓ Kliënte pas die item aan ✓ (en word dan geleentheid gegee om terugvoer te gee) ✓ wat Maya dan gebruik om die artikel / besigheid/diens te verbeter. ✓ Maya voldoen aan die kliënte se behoeftes. ✓ Die artikels is altyd twee weke voor die afleweringsdatum gereed, ✓ dit verseker dat kliënte tevrede is. ✓ Sy bedien verversings aan haar kliënte, hulle voel belangrik en geniet dit om besigheid met haar te doen. ✓

(Enige 6 x 1) (6)

*Onthou, maklik (Verken, bl. 25; Suksesvol, bl. 26)*

6.3.6 **Lewer kommentaar oor die impak van gehaltebeheer en verduidelik die verskillende stadiums waartydens Maya gehaltebeheer moet toepas.**

Gehalte beheer is ’n maatstaf van uitmuntendheid, ✓ is die prosedure waardeur seker gemaak word dat die gehalte van jou produk gehandhaaf word, ✓ wat produk inspeksie insluit. ✓ Maya moet verseker dat die rok reg aanmekaar gewerk is, ✓ dat daar geen los some is nie ✓ en dat dit die kliënt perfek pas. ✓

**Stappe in gehalte beheer:**

- Fase/Stap 1: Kontroleer die gehalte van die grondstowwe; sy gebruik 100% plaaslik vervaardigde sy.✓
- Fase/Stap 2: Produksieproses, uitsny van verskillende dele van rok; soomafwerking ✓
- Fase/Stap 3: Voltooide produk, Voltooide produk word aangepas. Nodige verstellings word aangebring.
- Fase/Stap 4: Verpakking en etikettering, rok word gestryk en verpak. ✓

Punte toekenning: Twee punte vir impak van gehaltebeheer.
Vier punte vir verduideliking van elke stadium. (6)

*Toepassing, moeilik (Verken, bl. 16; Suksesvol, bl. 22)*

6.4 **Bereken die totale koste van een rok met ’n winsopslag van 30%. Toon alle berekeninge:**

4 x R70,00 ✓ [1] = R280,00

R280,00 + R 20,00 + R300,00 = R600,00 ✓ [2]

R600,00 x 30% ✓ [3] = R180,00 ✓ [4] of R600 x $\frac{30}{100}$ ✓ [5] = R180,00 ✓ [6]

Totale koste = R600,00 +180,00 = R780,00 ✓ [7]

**OF**

R600,00 x $\frac{130}{100}$ ✓✓ = R780,00 ✓ [10] (5)

*Toepassing, matig (Verken, bl. 37 en 38; Suksesvol, bl. 39 en 40)*

**[40]**

**TOTAAL: 200**



SA EXAM PAPERS